Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

**23 Januarie 2026**

Geagte Volkie Ouers

**Sekuriteit:**
Ons sekuriteit is vir ons ontsettend belangrik. Daarom rig ons weereens 'n versoek op aan ons ouers om by die kantoor in Voortrekkerstraat aan te meld vir enige besoek aan die skool. Alle hekke, behalwe Voortrekkerstraat gaan 10 minute nadat die skool gesluit het, toegesluit word. Indien u later opdaag om u kind te kom haal, sal u by die kantoor moet aanmeld.

Parkering tydens byeenkomste gaan ook aangepas word. Ons vra werklik ons ouers se geduld en samewerking om ons te help om rondom ons skool in 'n veilige omgewing te omskep. Dit is tot voordeel van ons hele gemeenskap. Ons het Donderdagaand 'n Beheerliggaam vergadering en sal direk daarna vir u terugvoer gee rakende ons planne.

**Selfone:**
Laer Volkskool was nog altyd 'n selfoonvrye skool. Ons gedragskode bepaal ook dat leerders nie selfone skool toe mag bring nie. Indien daar sportgeleenthede is, mag leerders hul fone afgesit, inhandig by hul klasonderwyser. Ons gaan nie afwyk van ons beleid nie. Indien leerders onwettig selfone skool toe bring, sal dit gekonfiskeer word en ouers moet dit self by die skool kom afhaal. Ondersteun ons asseblief in ons poging om ons leerders minder afhanklik te maak van sosiale media.

**Kommunikasie:**
Kommunikasie is noodsaaklik vir enige skool om suksesvol te funksioneer. Daarom is ons tans in die proses om te eksperimenteer met Rule Wise wat duidelike en dadelike kommunikasie moontlik maak tussen die skool, onderwysers en gemeenskap. Ondersteun asseblief die projek en gee vir ons eerlike terugvoer rakende die projek. Moet ook nie huiwer om ons te skakel indien u enige navrae het nie. Ons bestuur se nommers is beskikbaar op ons skool se webblad.

**Ouer Onderwysers Vereeniging (OOV):**
By Laer Volkskool het ons vir elke graad 'n OOV-mamma wat as 'n graadverteenwoordiger optree. Hierdie mammas help met verskeie take, bv. kospakkies maak, hartklopkinders bederf met 'n verjaarsdagkoek, gereedmaak vir funksies, ens.

Enige ouer is welkom om die graadverteenwoordiger te kontak as u wil help.

**OOV kontakbesonderhede:**

| | | |
|---|---|---|
| Koordineerder: | Rozel Janse van Rensburg | 016 341 6216 |
| Graad 1 | Carlene Botha | 082 336 2999 |
| Graad 2 | Maritsa Buys | 079 521 4567 |
| Graad 3 | Lelani Diedericks | 072 968 8936 |

Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
Voortrekkerstraat 15,
Heidelberg, GP, 1441

| | | |
|---|---|---|
| Graad 4 | Johanelle Greyling | 083 379 9084 |
| Graad 5 | Ina Els | 072 240 0078 |
| Graad 6 | Truida Breytenbach | 082 697 1804 |
| Graad 7 | Suann du Plessis | 082 574 2577 |

**SEIS periode (Graad 4 tot Graad 7):**
Ons het die vak *Sosiale en Emosionele Intelligensie Strategieë* ingestel om leerders se kommunikasievaardighede te versterk en hulle te help om hul emosies op 'n gepaste wyse uit te druk. Die fokus is op praktiese vaardighede, wat pas by leerders ontwikkelingsvlakke en ouderdom. Dit is nie 'n eksamenvak nie. Ons eerste tema, *Volkies is Ordentlik*, bevorder goeie maniere, respek en verantwoordelike optrede. Ouers word aangemoedig om saam met hul kinders oor temas te gesels, sodat ons saam 'n sterk, waardegedrewe gemeenskap kan bou.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

**Program van die week:**

| Aktiwiteit | Plek | Dag en datum | Vertrektyd/ Begin |
|---|---|---|---|
| **Atletiek** | Sasolburg | Woensdag, 28 Januarie | 12:15 vertrek |
| **Atletiek** | L/S Hannes Visagie | Saterdag, 31 Januarie | 07:30 verversings |
| **Rugby oefening 0/9-0/13 (atletiek kry voorkeur)** | Laer Volkskool se velde | Donderdag, 29 Januarie | 14:00 tot 15:00 |